Laerskool Jan van Riebeeck

Kloofstraat 52, Kaapstad 8001
Webtuiste: laerskooljanvanriebeeck.co.za
Tel: 021 423 4209
E-pos: ontvangs@jvrprim.co.za

**KLEREDRAGRIGLYNE - PERSONEEL**

Dit word te alle tye verwag dat almal professioneel sal aantrek, aangesien dit 'n professionele instansie is. Ons plaas baie klem daarop dat leerders die korrekte kleredrag dra, dus as personeel, word daar van ons verwag om 'n voorbeeld te stel.

**DAMESDRAG**

- Daar word gereken op die goeie smaak van jou as 'n professionele persoon. (Onthou naweekklere is nie noodwendig geskik vir werksdrag nie.)
- Deurskynende klere moet liefs gedra word met die nodige onderklere.
- Geen onderklere mag uitsteek nie. Hempies met bandjies mag gedra word mits daar geen onderklere uitsteek nie. Skouerlose (selfs eenskouer) hempies/rokkies is ontoelaatbaar.
- Indien 'tights' gedra word, moet die 'top' daarby lank genoeg wees.
- Strandplakkies / Havaianas is ontoelaatbaar.
- Netjiese sandale is wel toelaatbaar.
- Netjiese denims mag gedra word. Geen uitgerafelde, verbleikte of denims met gate mag gedra word nie. Daar word staatgemaak op die diskresie van die personeel t.o.v. gepaste skoenkeuse. Indien denims gedra word, moet 'n netjieser hemp daarby gedra word. Verkieslik nie T-hemde nie.
- Alle langbroeke moet netjies omgekap wees.
- Dames moet mooi besin oor die lengte van hul rokke. Jy moet kan kruisbeen sit / jou arms oplig om iets op die bord te skryf.

**MANSDRAG**

- Langbroek met langmouhemp, met of sonder das.
- Langbroek met netjiese bypassende kortmou oopknoophemp.
- Netjiese kortbroek (chino) met bypassende hemp.
- Slegs kortmouhemde met 'n kraag mag gedra word, geen T-hemde nie.
- Alle hemde en broeke moet netjies gestryk wees.
- Skoene moet netjies gepoleer wees en strandplakkies / Havaianas en Crocs is ontoelaatbaar.
- Geen klere mag gedra word waar die onderklere of gedeelte van die rug uitsteek nie.
- Baard: 'n Baard moet netjies skoon geskeer wees, behalwe as dit gegroei word, waar die baard netjies versorg moet word.
- Geen uiters moderne haarstyle, bv. "mo-hawk" of "mullets" nie.
- Netjiese denims mag gedra word. Geen gate, uitgerafelde of verbleikte denims mag gedra word nie. Daar word staatgemaak op die diskresie van die personeel t.o.v. gepaste skoenkeuse.
- Alle langbroeke moet netjies omgekap wees.

**SPORTDRAG (Dames en Mans)**

- **NB!! SPORTDRAG WORD SLEGS DEUR PERSONE GEDRA WAT SPORT OP DIE SPESIFIEKE DAG AFRIG / WEDSTRYD SKEIDSREG OF LO AANBIED – GEEN ANDER INDIVIDU MAG 'N SWEETPAK DRA NIE.**
- **Ons beskerm graag ons professie daarom lyk onderwysers professioneel gedurende skooltyd.  Sportdrag word tydens oefeninge en sportdae gedra.**

- **Oefendae en wedstryddae**
  - JvR-sweetpak of –sportdrag, wit sokkies en sportskoene
  - JvR-gholfhemp met beige/donkerblou 'chino'–langbroek(dames / mans) en/of JvR-sweetpak.  'n Netjiese beige/donkerblou kortbroek / knielengtebroek word toegelaat.
  - Gholfhemde wat gedra word, moet die skool se wapen of embleem daarop hê.
  - Donkerblou sweetpakbroeke mag gedra word, maar daar mag geen strepe of ander handelsmerke se embleme op wees nie.
  - Sweetpakbaadjies se moue mag nie opgetrek word nie.
  - Indien die personeellid of afrigter nie 'n skoolsweetpak of sportdrag kan aantrek nie, moet gewone, netjiese klere gedra word.
  - JvR-winterbaadjie mag gedra word.
  - Geen insteekskoene/sandale mag met sweetpakke gedra word nie.  'n Netjiese sandaal (nie plakkies nie) mag saam met 'n chino-kortbroek tydens die somer gedra word.
  - GEEN ander T-hemde / gholfhemde, sweetpakke of sportbaadjies mag gedra word nie.
  - GEEN vorige (uitgebleikte) JvR-sportdrag – gholfhemde / sweetpakke / 'fleece tops' mag gedra word nie. (dit geld sodra ons nuwe sportdrag beskikbaar is vir almal.)
  - Geen bont serpe wat nie die skool se kleure verteenwoordig nie, mag gedra word nie.

Hersien: Maart 2024

| | |
|---|---|
| Naas Beets (Skoolhoof) | |
| Merwe Scholtz (BR-voorsitter) | |
| Susan van der Walt | |
| Marié Cruywagen | |
| Hugo van den Heever | |
| Stephen Hitchcock | |
| Marinda Brink | |
| Andri de Villiers | |
| Hannes Muller | |